*Die Verhaal van Suid-Afrika deur Wilhelm Grütter in oorleg met prof. D.J. van Zyl. Human en Rousseau, Kaapstad, 1982. 64 pp., illus., bladwyser. Prys: R9,95.*

**Die Verhaal van Suid-Afrika** is 'n **Kennis**-boek wat die artikels oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die Kennis-ensiklopedie saamvat.

Die skrywers probeer 'n bondige oorsig oor die geskiedenis van Suid-Afrika gee vanaf die Portugese omseiling van die Kaap die Goeie Hoop tot by die grondwetlike hervorminge in 1982. Die veertien hoofstukke waarin die "verhaal van Suid-Afrika" aangebied word, is inderdaad die hoofmomente van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die werk gee nie voor om 'n akademiese verhandeling te wees nie en is hoofsaaklik op skoolleerlinge en die algemene publiek gemik. Besonder sinvol is die invoeging van kantaantekeninge oor tersaaklike inligting, maar wat die gang van die inhoud sou steur as dit in die teks ingesluit sou wees. So kry die leser nuttige kennis rakende bv. "die skepe van die ontdekkers", "die drakoniese regspraak", " 'n nasie pleeg selfmoord", "die fleur van Skotland val by die loopgrawe", en talle ander ekstra besonderhede. Ook die verwysings na wat op 'n gegewe tydstip elders in die wêreld gebeur het, dien tot opheldering en beter periodisering. Daardeur word die leser die geleentheid gebied om die Suid-Afrikaanse geskiedenis met gebeure elders te relasioneer.

Elke hoofstuk word deur helderkleurige opskrifte in verskillende afdelinkies onderverdeel sonder om die logiese geskiedsverloop te versteur. Hiervoor verdien die skrywers lof.

Besonder treffend is die pragtige, kleurvolle illustrasie- en fotomateriaal. Die uitgewers het geen moeite ontsien nie om wat dié aspek betref, 'n deeglike bydrae tot die boek te maak. Die skrywers het werklik 'n verteenwoordigende keuse gemaak. Al sou 'n leser slegs die boek ter wille van die foto's en illustrasies deurblaai, sal hy steeds 'n goeie idee rakende die geskiedenis van Suid-Afrika kry. Vir die kind en jong leser is dié aspek van die boek van hoogstaande waarde aangesien hy daardeur in staat gestel word om die verlede op 'n konkrete manier "te sien en te ervaar". Dit dra dus oneindig daartoe by dat die konkrete denklaag van die kind gestoffeer word.

Die bladwyser verhoog die werk ook as naslaanwerk, veral as dit gaan om die verwerwing van lees- en naslaanvaardigheid.

Die werk sluit pragtig aan by die kernsillabus van die Junior Sekondêre Geskiedenis. As sodanig is dit vir enige

standerd 5-, 6- of 7-leerling 'n besonder nuttige aanvullende leesboek. Ouers, en selfs waar prysboeke nog in swang is, kan die boek selfs as 'n **nuttige geskenk** vir sy seun of dogter aanskaf.

Daar is egter ook leemtes in die werk, veral as dit beskou word as 'n boek vir die jeug of die sogenaamde "jong historikus". Hier en daar is moeilik hanteerbare begrippe soos: " 'n Franse enklave" (p.13); "Slambie se regentskap" (p.24); "infrastrukturele dienste" (p.57); en 'n sin soos "Die Boesmans se geloof is kosmologies aan dié van die Hottentotte verwant en is van uitgesproke monoteïstiese aard." (p.9). Leesbaarder omskrywings kon hier gegee word. Selfs ook die anglisistiese "welaf" vir welgesteld op p.21 kon vermy gewees het.

'n Ander lastigheid is die feit dat daar op p.35 van die "Transvaalse Republiek se eerste onafhanklikheidsoorlog", en op p.42 weer van die "tweede Anglo-Boereoorlog" gepraat word. Daar word bv. nie na 'n "tweede onafhanklikheidsoorlog" of 'n "eerste Anglo-Boereoorlog" verwys nie. Eendersluidende benamings kon gebruik word. In dié verband kan gemeld word dat die gangbare benaming onder historici van die oorloë van 1880-1881 en 1899-1902 die Anglo-Boereoorloë is.

Op p.57 word "Opposisiepolitiek" bespreek en dan gemeld dat daar "tans 'n wesentlike groepering van regse mening, basies gewy aan die van die ou apartheid, maar in 1981 het hulle nog geen parlementêre verteenwoordiging gehad nie." Tog maak die skrywers melding van die feit dat daar in Mei 1982 verslae oor die aanbevelings van die grondwetkomitee van die Presidentsraad aanvaar, en aan die regering voorgelê is. Teen Mei 1982 het die Nasionale Party reeds sy ernstige afsplitsing na regs in sy bestaan ervaar toe die Treurnicht-groep die koukusvergadering van dié party vroeër op 24 Februarie verlaat het. Die skrywers kon dié feite gemeld het in hul oorskou van die "Opposisiepolitiek". Per slot van rekening word die sogenaamde 1982-skeuring as die grootste politieke skeuring in die kontemporêre geskiedenis van Suid-Afrika beskou. Na dié skeuring het die "regse mening" dus wel parlementêre verteenwoordiging, hoewel die sterkte en omvang daarvan nog nie in 'n algemene verkiesing getoets is nie.

Op p.62 is 'n skryffout wat vir die oningeligte leser verwarrend kan wees: "Die eerste stap in die skepping van sulke forums was die afskaffing van die senaat of hoërhuis van die parlement, en die instelling van 'n genomineerde Presidentsraad, met Kleurling- en Asiërlede." Volgens dié sin lyk dit asof daar geen blankes in die Presidentsraad was nie, wat nie korrek is nie.

Die algemene benadering van die boek is volgens die tradisionele blanksentriese geskiedsbeskouing, waar die plek van die Swartes en ander Gekleurdes terloops en toevallig aan die orde gestel word. Daar is twee ander hoofstukke, t.w. "Jagters en herders van die suide", en die "Die Swartman van Suid-Afrika". Eersgenoemde hoofstuk handel oor die Hottentotte en die Boesmans, soos die skrywers verkies om van dié twee groepe te praat, in plaas van die **Khoikhoi** en die **San**, soos dit die gangbare gebruik onder historici en volkekundiges is. Die Swartes word meesal as 'n verlede-groep uit die neëntiende eeu beskou, en waar dit die twintigste eeu aanbetref, weer as 'n protesterende probleem hanteer. Die werklike veelvolkige opset van Suid-Afrika kom dus nooit regtig na vore nie. In dié lig beoordeel is die titel van die boek, **Die Verhaal van Suid-Afrika,** eintlik die verhaal van die Blankes.

As leemtes soos dié in 'n moontlike herdruk aandag kan kry, het ons met 'n veel verteenwoordigender **verhaal** te make. Tesame met die reedsgenoemde pluspunte gaan die skrywers dan beslis in hul oogmerk met dié publikasie slaag.

*J M L Horn (GOK)*

*Van Oorloë en Vrede — Onder die Suidersterre 1795 - 1910 by A.J. Boëseken. Tafelberg, Cape Town, 1983. Illus., Index, 145 pp. Price: R20,00.*

**Van Oorloë en Vrede 1795-1910** is the sequel of the first part of the **Onder die Suidersterre** series, **Tussen die Ooste en die Weste 1652 - 1795** with which Dr Anna Boëseken has started. Like its predecessor **Van Oorloë en Vrede** is a thorough piece of work by a trained historian. For most teachers Dr Boëseken is a well-known author. Her work on the early Cape history is without doubt outstanding. This is especially the case with **Die Nuusbode** which provide most pupils with a comprehensible newspaper approach to history.

It is a fortunate occasion that **Van Oorloë en Vrede** has been published and then particularly in this format. The language is clear and without pretence — English-language pupils need not have any problems in understanding the well-written text. The ullustrative material was carefully chosen; it is really noteworthy to know that there is still so much pictorial material of the period 1795-1910 available — especially that which dates back to the years of the old Cape. The mapwork too is outstanding. This aspect of the publication alone is proof of the sound research work. This enhances the value of the book considerably.

Like its predecessor the publication under consideration is refreshing in its presentation — not like traditional works on this period. But then one must bear in mind that the target group is by no means the academic historian.

The index is compiled thoroughfully and contains all the particulars of the text. This too is one of the merits of the book and can be of enormous value to the young historian.

The only point of criticism is the fact that **Van Oorloë en Vrede** approaches the history from a 'white' point of view. Aspects dealing with White-Black encounters, however, are approached with the necessary sensitivity. Presumably, the approach towards the twentieth century, of which we sincerely hope a third part in the series will appear, will take careful note of the multi-racial conditions in the Republic of South Africa.

**Van Oorloë en Vrede** deserves a wide readers' public; the young historian will, however, benefit the most!

*J M L Horn (GOK)*

*Vakdidaktiek: Geskiedenis vir die Primêre Skool deur S.P. Jordaan, J.M. Vivier, C.J. Barnard en M.A. Schutte, De Jager-HAUM, Pretoria, g.d. Register, 177pp. Prys: R8,50.*

Met die publikasie van dié werk het die skrywers hulle dit ten doel gestel om 'n leerboek vir studente in Geskiedenisvakdidaktiek aan Onderwyskolleges daar te stel.

Die werk is in 'n elftal belofteryke hoofstukke verdeel en sny werklik 'n breë spektrum van Geskiedenisonderrig aan. Onderwerpe soos vakbeleid, werkskemas en verslag; die lesskema; lesvoorbeelde; die geskiedenislokaal en onderwysmiddels; plaaslike geskiedenis; werkopdragte en biblioteektake; kaartwerk; en meting, toetsing en evaluering word behandel.

Die skrywers toon flitse van insig in die problematiek van Geskiedenisonderrig wat toenemend in die spervuur staan. Ongelukkig moet dit dadelik gesê word dat die ver-